

Kobus Mol se winter

Deel 2

Dit is diep in die winter en die sneeu lê dik op die grond. Kobus Mol lê en slaap onder sy velkombers. Hy maak net nou en dan sy oë oop as hy honger is. Dan eet hy van die kos wat sy ma gemaak het. Hy luister hoe hard sy pa en ma snork.

Maar 'n klein mol wil darem nie net lê en slaap nie! Hy loer deur die venster om te sien of die sneeu al minder word. Nee, hy sien dit lê nog dikker as laas toe hy gekyk het. Reg bo sy bed hang 'n wortel van 'n blom. Die blomme se wortels het verlede somer tot in sy kamer gegroei. Nou is die wortels dun en bruin. Ag, tot die wortel slaap, dink Kobus en klim maar weer in sy bed.

Hy slaap nog 'n week lank, toe klouter hy weer uit.



Ag nee, die sneeu lê die dikste wat hy nog gesien het! Sy pa en ma snork nog harder as verlede week! Hy eet 'n pot sop en gaan lê weer in sy snoesige, warm bed. Die volgende week voel hy 'n bietjie moedeloos. Dis die hardste wat hy sy pa en ma nog hoor snork het. Maar wag, hy sien darem die sneeu lyk minder. Die wortel bo sy bed is ook vetter en groener.

Toe hy sy oë na nog 'n week oopmaak, lê daar die minste sneeu wat hy nog gesien het. Die wortel is nou op sy vetste en groenste. "Ma! Pa! Hou op snork!" sê hy en wip en spring op hulle bed. "Die winter is verby! Die winter oor!"

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wanneer het Kobus Mol se oë oop gemaak?
2. Waar is Kobus Mol se huis?
3. Hoekom sê jy so?
4. Wat het sy ma en pa gedoen elke keer wanner Kobus Mol wakker word?



5. Soek die trappe van vergelyking in die leesstuk

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
dik		
	harder	
		vetste
groen		
		minste

MEMO

1. Wanneer het Kobus Mol se oë oop gemaak?
Elke keer wanneer hy honger was.
2. Waar is Kobus Mol se huis?
Kobus Mol se huis is onder die grond.
3. Hoekom sê jy so?
Omdat die blomme se wortels in sy kamer in groei.
4. Wat het sy ma en pa gedoen elke keer wanner Kobus Mol wakker word?
Sy pa en ma het elke keer al hoe harder gesnork.
5. Soek die trappe van vergelyking in die leesstuk

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
dik	dikker	dikste
hard	harder	hardste
vet	vetter	vetste
groen	groener	groenste
min	minder	minste